LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

9 September 2020

Geagte Gr. 4-7 Ouers

OUERBRIEF 2 VAN KWARTAAL 3

TOETSREEKS KWARTAAL 3

Alle graad 4-7 leerders skryf in kwartaal 3 formele toetse, sien asb. die onderstaande toetsrooster om uself te vergewis wanneer die leerder toetse moet aflê. Leerders wat afwesig is vir die toetse sal hertoetse skryf. Indien afwesig moet die leerder asb. 'n doktersbrief in handig as bewys. Leerders wat afwesig is a.g.v. Covid-19 moet asb. 'n epos stuur na Me H Barkhuizen (hbarkhuizen@lardies.co.za) om aansoek te doen vir isolasie vraestelle. Slegs leerders wat in **isolasie is a.g.v. Covid-19** sal isolasie vraestelle skryf. Gr. 4-7 Google Classroom leerders sal in die middae geakkommodeer word vir die aflegging van toetse. Leerders moet ook asb. deeglik voorberei vir die formele assesserings van kwartaal 3, soos uiteengesit op die Assesseringsplan. Hierdie assesserings tel wel vir die rapportpunt. Indien 'n leerder afwesig is vir 'n formele assessering sal die betrokke personeellid 'n reëling tref met hom/haar om dit so spoedig as moontlik af te handel. Leerders ontvang wel 'n rapport vir kwartaal 3 se formele assesserings en toetse.

Datum	GR	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7
Vry 2/10	5 + 7		ENG (C/writing)		WISK
Ma 5/10	4 + 6	PSW		ENG	
Di 6/10	5 + 7		GEO		TEG
Wo 7/10	4 + 6	WISK		AFR	
Do 8/10	5 + 7		NWT		ENG
Vry 9/10	4 + 6	AFR		GESK	
Ma 12/10	5 + 7		AFR		NW
Di 13/10	4 + 6	GEO		PSW	
Wo 14/10	5 + 7		GESK		GEO
Do 15/10	4 + 6	ENG		GEO	
Vry 16/10	5 + 7		WISK		AFR
Ma 19/10	4 + 6	NWT		WISK	
Di 20/10	5 + 7		ENG		EBW
Wo 21/10	4 + 6	GESK		NWT	
Do 22/10	5 + 7		PSW		GESK
Vry 23/10	4 + 6	ENG (C/writing)		ENG (C/writing)	

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

PUNTEVERSPREIDING VIR 2020

A.g.v. Covid-19 is die punteverspreiding aangepas vir 2020. Promosiepunte vir die jaar sal soos volg uitgewerk word:

Kwartaal 1: SBA 40%
Kwartaal 3: SBA 40%
Kwartaal 4: FINALE TOETS 20%

Hierdie is Departementele voorskrifte en ons moet streng daarvolgens handel. Kwartaal 2 se assesserings en toetse tel dus nie vir die jaarpunt nie. Ons versoek al die Gr. 4-7 leerders om skouer aan die wiel te sit in kwartaal 3 en net jul beste te lewer.

PUNTESTATE KWARTAAL 2

Op Donderdag, 10 en Vrydag, 11 September ontvang die Gr. 5-7 leerders hulle puntestate vir kwartaal 2. Hierdie is slegs ‘n puntestaat sodat u as ouer kan sien wat u kind behaal het vir kwartaal 2 se formele assesserings en toetse. Hierdie punte word nie in berekening gebring vir die jaarpunt nie.

EKSTRA KLASSE

Volgens die punte van kwartaal 2 sal daar sekere leerders geïdentifiseer word wat ekstra klasse moet bywoon. Leerders wat uitnodigings ontvang moet asb. seker maak dat hulle wel die ekstra klasse bywoon. Die ekstra klasse se datums sal weekliks op die graad se Classroom aangebring word onder admin.

BOEKKONTROLE

Vanaf Maandag, 24 Augustus het die personeel boekkontroles gedoen in al die vakke. Baie dankie aan elke leerder wat gedurende die grendeltyd nog steeds hul werk pligsgetrou gedoen het. Dankie aan al die ouers wat gehelp het dat hulle kinders se werk netjies en volgens die voorskrifte van die personeel uitgevoer is. Ons glo die leerders het gedurende hierdie tyd geleer wat dit is om selfstandig te werk. Ongelukkig is daar heelwat leerders wat nie hulle deel gedoen het soos wat daar van hulle verwag was nie en hulle boeke spreek daarvan. Indien ‘n leerder se werk nie op datum is nie bly dit sy/haar plig om dit te doen.

SKOOLVAKANSIEDAG

Volgens die kalender is Donderdag, 24 September Erfenisdag en is die skool dus gesluit. Ons skool sal ook op Vrydag, 25 September gesluit wees vir ‘n skoolvakansiedag. Op Maandag, 28 September gaan ons voort met ons Dagrooster program soos uitgestuur en begin ons die week met die Gr. 5 en 7 leerders.

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

DATUM	Ma, 28 Sept		Di, 29 Sept		Wo, 30 Sept		Do, 1 Okt		Vr, 2 Okt	
GRAAD	5	7	4	6	5	7	4	6	5	7
DAGROOSTER	Dag 5	Dag 5	Dag 1	Dag 1	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 2	Dag 2

DATUM	Ma, 5 Okt		Di, 6 Okt		Wo, 7 Okt		Do, 8 Okt		Vr, 9 Okt	
GRAAD	4	6	5	7	4	6	5	7	4	6
DAGROOSTER	Dag 3	Dag 3	Dag 3	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5
DATUM	Ma, 12 Okt		Di, 13 Okt		Wo, 14 Okt		Do, 15 Okt		Vr, 16 Okt	
GRAAD	5	7	4	6	5	7	4	6	5	7
DAGROOSTER	Dag 5	Dag 5	Dag 1	Dag 1	Dag 1	Dag 1	Dag 2	Dag 2	Dag 2	Dag 2
DATUM	Ma, 19 Okt		Di, 20 Okt		Wo, 21 Okt		Do, 22 Okt		Vr, 23 Okt	
GRAAD	4	6	5	7	4	6	5	7	4	6
DAGROOSTER	Dag 3	Dag 3	Dag 3	Dag 3	Dag 4	Dag 4	Dag 4	Dag 4	Dag 5	Dag 5

GOOGLE CLASSROOM

Dankie aan al die Google Classroom leerders wat getrou klasse bywoon en take inhandig. Ons herinner u net weer daaraan dat indien die personeel ervaar dat die Google Classroom leerders nie presteer soos hy/sy moet nie of indien ‘n leerder nie sy/haar take inhandig nie, hul die voorreg ontneem mag word om van Google Classroom gebruik te maak. Personeel is tans besig om die punte van kwartaal 1 en 2 met mekaar te vergelyk asook die leerders se samewerking t.o.v. Google Classroom.

LARDIE TYDKAPSULE

Op 10 Oktober 2010 het ons Oud Lardies ‘n tradisie begin deur briewe en spesiale herinnerige van daardie jaar in die Lardie Tydkapsule te plaas. Hierdie jaar op Saterdag, 10 Oktober 2020 sou ons hierdie tradisie voortgesit het tydens ons jaarlikse Lardie Kuierfees. A.g.v. Covid-19 het ons die verloop van die vieringe en tradisie aangepas. Volledige inligting en wyses van hoe ons hierdie projek gaan aanpak sal spoedig aan u gekommunikeer word. Mnr Human stuur binnekort ‘n spesiale boodskap uit oor die geskiedenis rondom die Lardie Tydkapsule.

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

MERIETE

Na baie besprekings het die skool en Beheerliggaam van Laerskool Elarduspark besluit dat daar geen Meriete-aande vir 2020 gaan plaasvind nie. A.g.v. Covid-19 kon meeste aktiwiteite nie plaasvind nie en wil ons nie ons leerders benadeel nie. Aktiwiteite wat gedurende die eerste kwartaal afgehandel is sal wel erkenning gegee word aan leerders wat prestasies behaal het. Toekennings sal hier uitgereik word aan die betrokke leerders soos uiteengesit in ons meriete beleid. Ons as skool sal slegs vir die Gr. 7 leerders van 2020 ‘n meriete verslag uitreik. Geen akademiese prestasies of spesiale toekennings sal in 2020 gemaak word nie.

Baie sterkte aan elke Lardie vir ‘n bedrywige akademiese kwartaal 3. Ons is trots op wat julle vermag het tydens hierdie groot aanpassing t.o.v. ons akademiese kultuur en manier van onderrig.

HERREGISTRASIE VIR 2021

Herregistrasie vorms word op Donderdag, 10 en Vrydag, 11 September uitgestuur. Ouers word versoek om die elektroniese vorm asb. te druk en te voltooi en voor of op Vrydag, 18 September terug te stuur na die registeronderwyser. Ouers wat nie toegang het tot ‘n drukker nie moet die registeronderwyser in kennis stel sodat ‘n harde kopie aan u gestuur kan word.

NASKOOL INSKRYWINGS VIR 2021

Die aansoekperiode om leerders by die Naskoolsentrum te registreer vir 2021, is nou oop en sluit op Woensdag, 30 September 2020. Ouers met leerders van Gr.1 tot Gr.7 in 2021 wat die Naskool wil bywoon moet asb, die onderstaande vorm volledig voltooi en onderteken. Leerders wat in 2020 die Naskoolsentrum bygewoon het, kwalifiseer **NIE** outomaties vir 2021 nie en moet dus weer registreer vir 2021.
Graad R leerders woon nie die Naskoolsentrum by nie, maar wel die Naskoolsorg by die Graad R sentrum. Die 2021 kurrikulumfooi van R1,000 t.o.v. Naskool is betaalbaar voor/op Saterdag, 31 Oktober 2020.
Naskool Inskrywingsvorms moet asb. direk gestuur word aan Me Sougnét Barkhuizen by naskool@lardies.co.za

‘n Finansiële skrywe sal binnekort volg met die debietordervorm waarop skool- en naskoolgelde aangedui sal word.

Vriendelike groete

ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOF AKADEMIE

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF

NS1

INSKRYWINGSVORM - VIR DIE JAAR 20……..

LAERSKOOL ELARDUSPARK: NASKOOL-SENTRUM

Voltooi asb. volledig met swart pen vir elke leerder afsonderlik (naskool@lardies.co.za)

INSKRYWING: LEERDER				
Volle naam/name				
Noemnaam				
Van				
Geboortedatum				
Geslag	Manlik ☐		Vroulik ☐	
VerlangdeToelatingsdatum				
Graad op Toelatingsdatum	**Graad**		**Familiekode**	

GESINS-INLIGTING				
Naam en Van: Ander boetie/sussie in die Naskool				
	VADER		**MOEDER**	
Naam en Van				
ID-nommer				
Selfoonnommer				
E-pos adres				
Werkgewer		Tel.:		Tel.:
Huisadres				
	KONTAKBESONDERHEDE IN GEVAL VAN NOOD - (nie ouers)			
Naam en Van				
Selfoonnommer				
Alternatiewe nommer/s				

MEDIESE INLIGTING / KRONIESE TOESTAND

Dokter Naam: _____ Tel: _____

Mediese Fonds: _____ Nr: _____

Allergieë/Medikasie: _____

ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG:

Ek _____

(Volle naam/e en Van)

Onderneem en aanvaar hiermee dat:

1. Ek die vorm volledig ingevul het en die besonderhede waar en korrek is.

2. Ek aanspreeklik sal wees vir stiptelike betaling van die Naskool gelde wat van tyd tot tyd deur die Bestuursliggaam bepaal word en dat, indien my Skoolgelde agterstallig is, die gelde wat ek inbetaal aan die Naskool eers op my skoolrekening sal afgaan. My kind sy/haar plek sal verloor indien my rekening agterstallig raak. Dat ek 'n maand skriftelike kennis sal gee, indien my kind die Naskool-sentrum gaan verlaat.

3. Ek my vergewis van die Naskoolreëls, (deurgelees en met my kind bespreek) dat ek in die besonder daartoe toestem dat my kind hom/haar verbind tot nakoming van hierdie reëls soos van tyd tot tyd deur die Hoof of Bestuursliggaam vasgestel of deur enige persoon aan die Naskool verbonde, en dat ek my sal neerlê by enige stappe wat deur die Hoof of Bestuursliggaam vasgestel of deur enige persoon aan die Naskoolsentrum verbonde wat mag voortspruit uit die herhaaldelike oortreding van hierdie reëls.

4. **Indien ek my kind(ers) ná 17:30 by die Sentrum kom afhaal, ek die verskuldigde boete soos bepaal deur die Beheerliggaam en Sentrumhoof sal vereffen. R40 per tien minute, of gedeelte daarvan, per kind.**

5. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir enige betaling van mediese- en of hospitaalkostes, indien van toepassing in geval van 'n besering.

ONDERTEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN

_____ 20____.

_____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG